PAUL ROOS
GIMNASIUM | GYMNASIUM

(021) 887-0017/77 086 651 5969
info@paulroos.co.za | www.paulroos.co.za
Suidwal, Stellenbosch, 7600, South Africa

WhatsApp-groepe is een van Paul Roos Gimnasium se belangrikste kommunikasie-instrumente. Neem kennis van die volgende boodskap wat betrekking het op lede van 'n WhatsApp-groep:

“Volgens POPIA moet alle WhatsApp-groepe vanaf 1 Julie 2021 aan die wetgewing voldoen en dit bring 'n paar veranderinge mee.

Een van hierdie veranderinge is dat daar van die administrateurs verwag word om u toestemming te bekom vir deelname aan hierdie WhatsApp-groep. U word sodanig hiermee in kennis gestel dat u geregtig is om toestemming te weier en u mag so 'n reg uitoefen deur hierdie groep te verlaat.

As u verkies om in hierdie groep te bly, word aanvaar dat u ingestem het om deel te wees van hierdie groep en dat u persoonlike inligting (u selfoonnommer en persoonlike naam) sigbaar is vir enige persoon in hierdie groep.

In hierdie verband versoek ons alle lede van hierdie groep, om vir watter rede ook al, nie van sodanige persoonlike inligting gebruik te maak, sonder om die toestemming van die betrokke persoon te verkry nie.

Laastens mag u nie kontaknommers in hierdie groep deel nie. Dit moet privaat met die groep-administrateur of met die betrokke persoon gedeel word.

Aangesien hierdie groep 'n belangrike deel van Paul Roos Gimnasium se manier van kommunikeer is, sal ons waardeer indien u in die groep bly, maar dit bly u keuse.”